AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES



E-LEER

Bepalings en voorwaardes

Let asseblief op die volgende bepalings en voorwaardes

1. Die student moet ń minimum van 80 kilometer vanaf ń bestaande Akademia-studiesentrum woonagtig wees. Bewys van adres moet tydens die aansoek-proses ingedien word.
2. Indien ń student weens werksverpligtinge nie die kontaksessies op die gegewe tyd in die nauurse rooster by die studiesentrum kan bywoon nie, kan werkgewers ń motiveringsbrief indien.
3. ń Student wat weens mediese redes vir ń bepaalde tyd nie kontaksessie by die studiesentrum kan bywoon nie, kan aansoek doen om oor te skakel na die e-leer-opsie om te verseker dat daar aan eksamentoelatingsvereistes voldoen word. Die nodige mediese briewe moet verskaf word tydens die aansoek vir oorskakeling.
4. Huidige studente wat verhuis na areas waar geen Akademia-studiesentrum geleë is nie, kan aansoek doen om na e-leer oor te skakel. ń Kort motivering moet ingedien word, en indien deur Administrasie versoek moet bewys van adres gelewer kan word.
5. Na verstryking van die registrasietydperk sal die assesseringsentrums en prosedures rakende eksamenaflegging aan studente op die e-leer-opsie gefinaliseer en gekommunikeer word.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

6. Vir studies by Akademia is dit verpligtend dat studente toegang tot redelike internet- en skootrekenaarfasiliteite moet hê.
7. Let op die volgende minimum vereistes ten opsigte van die tegniese spesifikasies van ‘n skootrekenaar:
    - ‘n Core i3-, i5- of i7-verwerker
    - 4GB RAM of meer (8GB RAM word aanbeveel)
    - 20GB beskikbare hardeskyfspasie
    - Werkende webkamera
    - Werkende mikrofoon
    - Nuutste weergawe van Google Chrome, wat ook op datum gehou moet word
    - Let op die volgende minimum vereistes ten opsigte van die internettoegang:
    - Internetspoed van ten minste 1,5 Mbps aflaaispoed en 1 Mbps vir oplaaispoed

Ander tegnologievereistes:

- Student moet toegang tot ‘n drukker hê.
- Student moet toegang tot ‘n skandeerder hê.

Let wel: *Alle kontaksessies en assesserings soos uiteengesit in die rooster geskied volgens Suid-Afrikaanse tyd.*